


# KLOUKIE EN DIE SKULPIE AVONTUUR


Skrywer:
Beandri Claassens



In 'n koraalrif gevul met kleure en klank, in die diepste uithoek van die see, is daar 'n klein rooi krappie, met glinsterende swart ogies en 'n huisie tussen die rotse.

Hy woon daar saam met sy pappa, wat al te mooi na hom kyk, maar nou en dan glip die krappie weg om sy kennis te verryk.

Hierdie krappie se naam is Kloukie, hy is vreeslik nuuskierig en parmant, en is altyd op soek na 'n nuwe avontuur, na iets interessant.



Pappa krap reël nou en dan 'n speelafspraak vir Kloukie. Dan dans en draai hy en Santjie seekat tot hulle magies pyn van die lag. Maar as die speelafspraak verby is en Pappa krap na Kloukie roep, het hy lankal vertrek en na sy volgende avontuur gaan soek.

Eendag besluit Kloukie om 'n nuwe koers in te slaan, maar hy het nie ver gekom nie, toe het iets hom doodstil laat staan. "Wowwww!" sê Kloukie. "Wat kan dit tog wees?"

"'n Krap?" wonder Kloukie, en dit is hy beslis, maar hierdie is nie net enige krap nie... Hierdie krap dra 'n skulp op sy rug, bedek met die mooiste patroon. Kloukie het al van sulke soort krappe gehoor, maar hy het nog nooit een van naby gesien nie. "Wat het pappa hulle nou weer genoem?", Kloukie dink diep en hard. "O ja!" roep hy uit, "'n Kluisenaarskrap!"



Kloukie loop nader en voor hy kan keer, kry sy nuuskierigheid die oorhand. "Hallo daar!" sê hy. "My naam is Kloukie. Wat is jou naam?" Die Kluisenaarskrap lag saggies en dan antwoord hy, "Goeiedag klein Kloukie, my naam is Klaas."

"Waar kan ek so skulp soos joune kry, Klaas? Ek wou nog altyd een gehad het!"
"Wel Kloukie, jy kan nie. My skulp beskerm my, want my maag is sag, maar jy het 'n harde dop om jou. Jy het nie nog beskerming nodig nie."

Die trane dam op in Kloukie se oë en rol dan oor sy wange soos hy weg stap van die Kluisenaarskrap af.
“Hoekom kan ek nie soos Klaas wees nie?” dink Kloukie. “Ons albei is dan krappies...”





Soos hy stap, droog sy trane mettertyd op en net toe hy besluit om terug te draai na die koraalrif toe, sien Kloukie ‘n pragtige skulp in die sand.




Hy laat nie op hom wag nie. Hy hardloop so vinnig as wat sy beentjies hom kan dra, en toe hy by die skulp kom, klim hy sommer dadelik in.

Maar Kloukie se opgewondenheid is van korte duur, want dis nie lank nie of sy stemmetjie ego deur die water, “Help! Ek sit vas!”

Gelukkig het Kloukie nie te ver afgedwaal nie en sy stemmetjie  kan saggies in die rif gehoor word. Sy maatjies daag sommer vinnig daar op, bleek van bekommernis. “Wat gaan ons doen?, vra Santjie mismoedig.



"Wag! Ek weet!" skree Santjie kort daarna, "Flippie hou die skulp vas. Ek gaan met my tentakels aan Kloukie se dop vas suig, dan trek jy links en ek trek regs." "Een, twee, drie!"






"Dankie Santjie, jy het my gered!" "Dis net 'n plesier ou Kloukie, maar moet liewers nie weer by sulke klein plekkies probeer in-klim nie." "Kom ons gaan nou huis toe, ek is seker jou pappa is al baie bekommerd."



Kloukie is terug na die koraalrif en besef dat hy klaar alles het wat hy nodig het, net daar in die rif. 'n Liefdevolle pappa, hulpvaardige vriende en 'n harde dop om sy lyfie.

"Ek is uniek. Ek het nie 'n skulp nodig nie."



Die Einde